# NG Kerk Moregloed

## Kerssangdiens 2021

# Met Middernag

HW



# Agnus Dei

## HW en Sonique



# Lied 349

Sittend

1. Kom, kinders, besing
met 'n vrolike stem
Die wonder van God
in die stad Betlehem,
Want daar is die Heiland
gebore, die nag,
Die hoop van die wêreld,
deur eeue verwag.

Lied 349 Sittend

4. Ons bring soos die
herders en engele weer
Aan Hom alle hulde,
ons Heiland en Heer.
Verlos van die sonde,
besing ons tesaam
Die roem en die eer
van sy heerlike Naam.

# Jesaja 9:5 - 6



# Lied 367

Staande

Ere aan God,
ere aan God
in die hoogste,
in die hoogste,
in die hoogste!
Vrede op aarde,
vrede op aarde,
in die mense 'n welbehae.

# Lied 367

Staande

Ere aan God in die hoogste,
ere aan God in die hoogste!
Vrede op aarde,
vrede op aarde,
vrede op aarde,
vrede op aarde,

# Lied 367

Staande

in die mense,
in die mense
'n welbehae
in die mense -
'n welbehae,

'n welbehae.

# Lied 367

**Staande**

Ere aan God,
ere aan God
in die hoogste,
in die hoogste,
in die hoogste!

# Lied 367

Staande

Vrede op aarde,
vrede op aarde

in die mense 'n welbehae.

Amen. Amen.



Vonkk 244

Staande

1. Hoor die hemelkore sing:
God self kom na die aarde.
Kom dan, mensekinders, bring
aan Hom 'n lied van waarde.
Glo-ria!
Hosanna in die hoogste!
Glo-ria!
Hosanna in die hoogste!

Vonkk 244 Staande

2. Laat die klokke vrolik lui,
laat klink jul lofgesange.
Voeg ook instrumente by.
Sy koms is ons verlange.
Glo-ria!
Hosanna in die hoogste!
Glo-ria!
Hosanna in die hoogste!


Miga 5:1-4

Medley - 365 Sittend

1. Hoor die blye eng'lelied
aan die Koningseun gebied:
"Vrede^op aarde - God die eer -
Hy daal tot die sondaar neer."
Almal wat Hom liefhet, sing,
om Hom lof en dank te bring!

# Medley - 365

Sittend

Almal, juig met hart en stem:
God word mens in Betlehem.

Hoor die blye eng'lelied
aan die Koningseun gebied.

Medley - 364 Sittend

Kom, loof die Heer,
loof die Heer,
loof die Here God
in die hoogste heem'le.
Kom, loof die Heer,
loof die Heer,
loof die Here God
in die hoogste hemele.

Medley - 365 Sittend

3. Jesus, ware Vredevors,
kom vir Hom 'n volk verlos.
Wêreldwys, in elke land
kom bevryding deur sy hand.
In ons nood het Hy gedaal,
vir ons lewe duur betaal.

Medley - 365 Sittend

Vrygemaak, deur Hom gevind,
is ek ook nou koningskind!

Almal deur sy koms verlos,
dank en loof die Vredevors!

Medley - 364 Sittend

Kom, loof die Heer,
loof die Heer,
loof die Here God
in die hoogste heem'le.
Kom, loof die Heer,
loof die Heer,
loof die Here God
in die hoogste hemele.


Vrede

Lied 370 Staande

1. Eng'le uit die hoogste hemel
Sing ter ere van 'n Kind,
Van 'n nuwe tyd wat aanbreek
Waarin almal vrede vind.
Sing hosanna! Sing hosanna!
Prys Hom, Jesus, Seun van God!



Lied 345 Staande

1. Kom, alle getroues,
vrolik en vol vreugde,
o kom in die gees
nou na Betlehem!
Loof daardie Kindjie
tot ons heil gebore -

# Lied 345

Staande

Buig dankbaar in aanbidding,
Buig dankbaar in aanbidding,
Buig dankbaar in aanbidding,
Voor Christus, die Heer!

# Lied 345

Staande

4. Kom, lofsing die Here, loof Hom, al wat lewe!
Wees vrolik, besing nou sy majesteit.
In U, Getroue, bly ons ook behoue.

Lied 345 Staande

Ons prys U in aanbidding,
ons prys U in aanbidding,
ons prys U in aanbidding,
Gesalfde en Heer!


Fil 4:4-7

Vonkk 39

Sittend

1. Lank, lank terug in Betlehem
- die Messias soos verwag -
het Jesus Christus,
Seun van God,
gekom op Kersfeesdag.

Vonkk 39

Sittend

Hoor hoe sing die eng'lekoor,
hul bring aan God die eer.
Vir ons het God
sy Seun gestuur,
niks kon sy liefde keer.

Vonkk 39 Sittend

Hoor nou, hoor die eng'le sing,
ons Koning het gekom;
en ons sal leef in ewigheid,
omdat ons glo in Hom.

Vonkk 39 Sittend

2. Waar herders wag
hou in die nag,
sien hul 'n nuwe ster.
Hul hoor 'n eng'lekoor wat sing,
musiek wat kom van ver.

# Vonkk 39

Sittend

Hoor hoe sing die eng'lekoor,
hul bring aan God die eer.
Vir ons het God sy Seun
gestuur,
niks kon sy liefde keer.

Vonkk 39 Sittend

Hoor nou, hoor die eng'le sing,
ons Koning het gekom;
en ons sal leef in ewigheid,
omdat ons glo in Hom.



Lied 353 Sittend

1. Die Heiland is gebore,
soos eeue reeds voorspel.
Daar in die stad van Dawid
word Hy Immanuel.
Met blye hemelkore
wil ons ook juig en sing:
Ons Heiland is gebore -
dis Hy wat redding bring!

# Lied 353

Sittend

2. Die Lig kom na die wêreld
in Jesus Christus, Heer.
Uit liefde vir die mensdom
daal Hy as dienskneg neer.
So lief het God die wêreld,
Hy gee vir ons sy Seun -
So word Hy ons Verlosser,
ons Middelaar en Steun.

Lied 353 Sittend

3. Wie glo in Jesus Christus,
word nou sy eiendom.
Hy gee die reg tot kindskap
aan die wat glo in Hom.
Juis daarom juig ons harte
opnuut die Kersfeestyd;
Ons Heiland is gebore -
vertel dit wêreldwyd.



Vonkk 283 Sittend

1. Kom buig in die stal
voor die hemelse Kind.
Kom, almal wat smag
om die lewe te vind.
Kom buig voor die Kindjie
deur eeue verwag
Die gawe van God
vir 'n wêreld wat wag.

# What child is this

## Klawerbord en Trompet



# Lied 348

Staande

## Dames

1. Stille nag, heilige nag!
Jesuskind, lank verwag,
Lig uit Lig, uit die Vader se ryk,
word uit liefde
aan mense gelyk.
Loof die hemelse Kind!
Loof die hemelse Kind!

Lied 348

Staande

Mans

2. Stille nag, heilige nag!
Hemelvors, ons gee ag
op die lied van die engelekoor.
Herders het dit
die eerste gehoor:
Juig, die Redder is daar!
Juig, die Redder is daar!

# Lied 348

Staande

Almal

3. Stille nag, heilige nag!
Jesus, Heer, voor u mag,
voor u ryk
moet die duisternis swig;
tot in ewigheid bly U die lig -
Heer, gebore vir ons!
Heer, gebore vir ons


Jesus Christus

Lied 354

Sittend

1. O Christus, ons verlange,
U het ons heil gebring.
Sal ooit ons jubelsange
u lof na waarde sing?
Vervul in welbehae
ons harte met u Gees;
Skenk ons in hierdie dae
'n ware Christusfees.

Lied 354 Sittend

2. U wat as hemelkoning
in heerlikheid regeer,
Maak onder mense woning;
daal as 'n dienskneg neer -
En herders vind 'n Herder
oor wie hul dankbaar juig;
En wyses vind die Wysheid
voor wie hul biddend buig.


Vredebewaarders

Vonkk 209 Sittend

1. Gaan met die blye boodskap
oral die wêreld oor.
Gaan met die blye boodskap:
Ons Christus het gekom!
Een donker winternanag
het herders waggehou
En skielik in die hemel
'n helder lig aanskou.

**Vonkk 209** **Sittend**

Gaan met die blye boodskap
oral die wêreld oor.
Gaan met die blye boodskap:
Ons Christus het gekom!

Vonkk 209 Sittend

3. 'n Nederige dorpie, .
'n doodgewone stal;
Daar lê die hemelkoning
wat heers oor die heelal.
Gaan met die blye boodskap
oral die wêreld oor.
Gaan met die blye boodskap:
Ons Christus het gekom!


Vredemakers

# Dona Nobis

## Hw en Sonique

# Gemeente Bevestiging

## Lees hardop saam

Here, maak my 'n instrument
van U vrede
Waar daar haat is, laat my
liefde saai
Waar daar onreg is, vergifnis
Waar daar twyfel is, geloof
Waar daar wanhoop is, hoop

# Gemeente Bevestiging

## Lees hardop saam

Waar daar duisternis is, lig
Waar daar droefheid is, vreugde
O, Goddelike Meester, gee dat ek nie soseer sal soek
Om getroos te word nie as om te troos

# Gemeente Bevestiging

## Lees hardop saam

Om verstaan te word
nie as om te verstaan
Om bemin te word
nie as om lief te hê
Want dit is deur te gee
dat ons ontvang

# Gemeente Bevestiging

## Lees hardop saam

Dit is deur te vergewe dat ons vergewe word

En dit is deur te sterwe dat ons tot die Ewige Lewe gebore word

# Er ist ein Ros entspringen

## Klawerbord en Trompet

# Vrede is Christus



Lied 344

Staande

1. O die goeie tyding,
o die blye tyding -
Helder klink dit met
Kersfeestyd.
Diep was ons verlore,
Christus is gebore.
Juig dan, almal,
jubel oor die saligheid!

Lied 344

Staande

2. O die goeie tyding,
o die blye tyding
kom met krag in die
Kersfeestyd:
Hy, die Hemelkoning,
maak by mense woning -
Hy, gebore
in die volheid van die tyd!

# Lied 344 Staande

3. O die goeie tyding,
o die blye tyding,
Oral hoor ons: Dis Kersfeestyd.
Blye jubelkore
loof die Kind, gebore.
Juig nou mensdom,
prys Hom tot in ewigheid!


Wees vredemakers
Want die Een wat ons dien was
en is die Vredevors

# Lied 358

Staande

1. Welkom, o stille nag
van vrede,
onder die suiderkruis,
wyl stemme uit die ou verlede
oor sterrevelde ruis:

Lied 358 Staande

Kersfees kom, Kersfees kom -
gee aan God die eer.
Skenk ons 'n helder
Somerkersfees
in hierdie land, o Heer.

Lied 358

Staande

2. Hoor jy hoe sag die
klokke beier
in eeue-oue taal.
Kyk, selfs die nagtelike swye
vertel die ou verhaal.

# Lied 358

Staande

Kersfees kom, Kersfees kom -
gee aan God die eer.
Skenk ons 'n helder
Somerkersfees
in hierdie land, o Heer.

Lied 358

Staande

3. Voel jy ook nou
sy warm liefde
as ons die dag gedenk,
toe Hy sy Seun
aan ons gegee het -
ons grootste Kersgeskenk.

Lied 358 Staande

Christus kom, Christus kom -
gee aan God die eer.

Skenk ons 'n helder
Somerkersfees

In hierdie land, o Heer

